# Hoofstuk van die dag: Esegiël 3

> *Hy het vir my gesê: “Mens, eet die boekrol wat Ek jou gee, eet jou vol.” Ek het dit geëet, en dit was soet soos heuning in my mond. (Eseg 3:3)*

Een van die dinge wat ek as predikant moes leer, is dat die

Woord eers met mý moet werk voordat ek dit aan ander kan verkondig. Dis nie sommer net opwip op die kansel op en daar preek jy nie. Dis ure van lees, en herkou, en kopkrap, voordat God se Woord as ’t ware sigself vir jou oopmaak. Wanneer dít gebeur, staan jy verwonderd voor die rykdom van die Woord.
Dit is presies wat Esegiël ook beleef het. Eers moes hy God se woorde in die boekrol eet en verteer, sodat dit deel van hom kon word. Dán kon hy dit gaan deel.
Sy ondervinding is iets wat elke Bybelleser van tyd tot tyd beleef: die vreugde wat in jou loskom as jy die Bybel lees, en herlees, en bedink, totdat die boodskap glashelder voor jou staan. Soos Esegiël half verbaas sê: dit is soet soos heuning in jou mond.
Baie gelowiges mis dié vreugde omdat hulle te haastig lees, net wil klaar wees, sodat hulle met hulle gewone take kan aangaan. Moenie dieselfde fout maak nie!

© Bybelkoerant 2018 – 2026